VOETSLAANKLUB-STELLENBOSCH

ALGEMENE INLIGTING en PROGRAM: Tweede semester 2019

[A] Algemene inligting (bl. 2-5)

1. Algemene klubinligting
   1.1 Digitale platforms
   1.2 Affiliasie
   1.3 Bestuur 2019/2020
   1.4 Lidmaatskap
   1.5 Fooie en betalings
2. Algemene inligting oor klub se (dag)stappe
   2.1 Logistieke reëlings
   2.2 Gradering van stappe
   2.3 Permitstappe
3. Gedragskode en bepalings vir stappers
   3.1 Algemene gedragskode
   3.2 Addisionele bepalings t.o.v. naweek- en langer stappe
4. Inligting oor "Wild Card"
5. Noodnommers en nuttige kontaknommers

[B] Program: tweede semester 2019 (bl. 6-11)

Datum	*Tipe*	*Beskrywing*
Jul 6 (Saterdag)	Dagstap	Kontoerpad alias Watervalstap (Tafelberg)
Jul 13 (Saterdag)	Dagstap	Sosyskloof in Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)
Jul 20 (Saterdag)	Dagstap	Indië Vensterroete (Tafelberg)
Jul 27 (Saterdag)	Dagstap	Eikehof (Franschhoek)
Aug 3 (Saterdag)	Dagstap	Groot Hangklip (Pringlebaai)
Aug 10 (Saterdag)	Dagstap	Kontoerpad in Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)
Aug 17 (Saterdag)	Geen	Geen amptelike klubstap
Aug 24 (Saterdag)	Dagstap	Stellenboschberg (Stellenbosch)
Aug 31 (Saterdag)	Dagstap	Grotto Bay na Silwerstroomstrand (Weskus)
Sep 7 (Saterdag)	Dagstap	Alphenroete in Constantiavallei (Kaapstad)
Sep 14 (Saterdag)	Dagstap	Volmaanstap by Delvera (Stellenbosch)
Sep 21 (Saterdag)	Dagstap	Helderbergkoepel alias "Die Dome" (Somerset-Wes)
Sep 21-27	Langstap	Moordenaarskaroo/Buffelsrivier (Laingsburg/Sutherland)
Sep 28 (Saterdag)	Dagstap	Silver Tree-roete by Kirstenbosch (Kaapstad)
Okt 6-12	Week	Baviaanskloof
Okt 19-20	Naweek	Langrietvlei en Helderwater (Hopefield)
Okt 26 (Saterdag)	Dagstap	Paarlberg (Paarl)
Nov 2 (Saterdag)	Dagstap	Boschendal (Franschhoek)
Nov 9 (Saterdag)	Dagstap	Steenbrasrivier en Crystal Pools (Gordonsbaai/Rooi-Els)
Nov 16 (Saterdag)	Dagstap	Pearly Beach na Franskraal (Gansbaai)
Nov 23 (Saterdag)		Jaareindfunksie
Des 14-17	Langstap	Groot Winterhoek Wildernisstap (Porterville)

[A] ALGEMENE INLIGTING

1. Algemene klubinligting

1.1. Digitale platforms

Webwerf: www.stb-voetslaan.co.za
Facebook: www.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub

1.2. Affiliasie

Die klub is lid van die Voetslaanorganisasie van Suidelike Afrika (VOSA). Vir meer inligting besoek hulle webwerf by hosavosa.co.za.

1.3. Bestuur 2019/2020

Portefeulje	*Naam*	*Foon (H)*	*Foon (sel)*	*E-pos*
Voorsitter	Kosie Smit	087 897 0749	073 537 8809	jhs@sun.ac.za
O/voorsitter & stap-programkonvenor	Pieter Janse van Rensburg		083 445 2773	pjjvr@sun.ac.za
Sekretaresse	Annalene Sadie		083 388 8266	annasadie101@gmail.com
Tesourier	Klaus von Pressentin	021 887 2783	082 689 8102	klausvp51@gmail.com
Facebook	Mina Redelinghuys		083 225 8188	mina.redelinghuys@gmail.com
Ledesake	Frederik Stapelberg	021 903 3775	084 490 7960	fstapelberg@geoscience.org.za
Webwerf	Delene Pretorius		084 654 3888	dp2@sun.ac.za
Sosiaal	Aretha du Rand		082 452 3445	arethadurand@gmail.com

1.3.1. Bestuursvergaderings

Enige klublid wat ’n saak op die agenda wil plaas kan aan een van die bestuurslede kennisgee.

1.4. Lidmaatskap

Belangstellendes moet verkieslik éérs 3 stappe saam met die klub stap, bloot om hulself te vergewis van die groep en of hulle gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens. Daarná kan hulle aansoek doen om by die klub aan te sluit. Vir aansoek om lidmaatskap, kontak die bestuurslid vir ledesake, of alternatiewelik die klubsekretaresse.

1.5. Fooie en betalings

1.5.1. Ledegeld

Ledegeld vir die 2019-kalenderjaar beloop R130-00 per persoon.

1.5.2. Besoekersfooi vir nie-lede

Nie-lede betaal R30-00 per persoon per stapgeleentheid.

1.5.3. Saamryfooi

Die saamryfooi is R1-00 per km per persoon. Bestuurders van motors tydens naweekstappe en langer stappe kan by berekening van kostes ’n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

1.5.4. Betalings

- Bankbesonderhede:
  Voetslaanklub Stellenbosch, Nedbank spaarrekeningnommer 200 540 2354, takkode 107 110
- As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.

- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening gedoen word. Stuur asseblief ’n bewys van énige betaling per e-pos aan die tesourier (Klaus by klausvp51@gmail.com) met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir brandstof- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. Plekke kan dus nie vir ’n stap gereserveer word vir lede wat nie voor of op die sperdatum betaal het nie.

2. Algemene inligting oor klub se (dag)stappe

2.1. Logistieke reëlings

Aspek	*Reëling*
Vertrekpunt:	By die parkeerarea voor die Visuele Kunstegebou in Victoriastraat (in Stellenbosch oorkant die Konservatorium). In gevalle van alternatiewe reëlings sal dit op die program aangedui word, of deur die stapleier gekommunikeer word.
Aanmeldtyd:	Normaalweg 07:00, maar raadpleeg die program vir elke individuele stap.
Klerasie:	Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.
Spys en drank:	Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed (aanbevole minimum van 2 liter). Op dagstappe is daar gewoonlik ’n teetyd en ’n middagete.
Noodhulp:	Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens. te verskaf nie. *NB: Onthou veral medikasie teen allergieë (bv. bysteek, hooikoors, ens.)*
Noodnommer:	Die telefoonnommer van ’n naasbestaande (wat nié die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.
Vervoer:	Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word ’n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program). L.W. Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet die betrokke stapleier vooraf daarvan in kennis stel (vir dagstappe op Saterdae op die laatste teen 18:00 op die Vrydagaand). Verskaf asb. ook ’n telefoon-nommer (verkieslik selfoon) indien jy ’n e-pos stuur.

2.2. Gradering van stappe

Stappe word gegradeer volgens moeilikheidsgraad en dit word aangedui met ’n syfer-letter-kombinasie, bv. 2A of 3B volgens die volgende indeks:

Moeilikheidsgraad		*Blootstelling aan hoogte*	
Simbool	*Betekenis*	*Simbool*	*Betekenis*
1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om ’n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes

2.3. Permitstappe

Wanneer ’n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net ’n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit noodsaaklik om minstens ’n week vooraf met die betrokke stapleier te skakel om seker te maak dat daar plek is op die stap (tensy ’n ander datum op die program verskyn).

L.W. Wanneer ’n persoon plek op ’n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.

3. Gedragskode en bepalings vir stappers

3.1. Algemene gedragskode

- Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur ’n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van ’n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag ’n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie ’n roete sal kan voltooi nie.
- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap word ’n addisionele stapleier aangewys wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd ’n persoon se toerusting nagaan. ’n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem ’n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle, ens. uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies wanneer gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat ’n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor medestappers op.
- Voetslaan is ’n voorreg: moet dit nie misbruik nie.

3.2. Addisionele bepalings ten opsigte van naweek- en langer stappe

- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan rugsakke voor ’n stap weeg en ’n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet ’n volgelaaide sak nooit meer as ’n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep ’n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

4. Inligting oor “Wild Card”

Daar is heelwat stappe waar die stap- en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien die stapper oor ’n sogenaamde “Wild Card” beskik. Die Wild Card-program is ’n gesamentlike inisiatief van Cape Nature, SANParke, Msinsi Resorts, EKZN Wildlife en Big Game Parks of Swaziland.

- Vir meer inligting of om aansoek te doen, besoek die webwerf www.sanparks.org/wild/ of www.wildcard.co.za

N.B. Dit is die verantwoordelikheid van ’n stapper om te sorg dat sy/haar Wild Card geldig is voordat hy/sy vir ’n stap bespreek waarvoor ’n Wild Card-nommer gebruik kan word. Indien ’n persoon se Wild Card nié opbetaal is nie, het die stapleier nie ’n ander keuse as om die volle fooi van die stapper te verhaal nie.

5. Noodnommers en nuttige kontaknommers

Kontaknommer	*Instansie*
021 937 0300	Wildernis Search and Rescue (WSAR)
10177	Metro Ambulansdiens
021 483 0190	Cape Nature *Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer.*
112	Nasionale sellulêre noodnommer
0861 555 777	24-uur noodnommer vir Gifsentrum (slangbyte, ens.)

[B] PROGRAM: Tweede semester 2019

6 Julie	**DAGSTAP: Kontoerpad alias Watervalstap (Tafelberg)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	± 12 km
Ryafstand:	55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Alet Louw	021 461 1649 of 073 689 5752, alettamail@gmail.com	
Aanmeldtyd:	07:15 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:30, of 08:30 in die parkeerarea by kleedkamers op die hoek van Tafelbergweg en Kloofnekweg		
Stappers kom om 08h30 in die parkeerarea by die kleedkamers op die hoek van Tafelbergweg en Kloofnekweg bymekaar. Vanaf hierdie punt vertrek ons (ry) tot by die beginpunt van die Kloof Corner-paadjie. Ons stap op na die kontoerpad en volg dit verby Platteklip en Silwerstroom en dan op tot by die saal, tussen die hooftafel en Duiwelspiek, tot by Oppelskop. As dit heelwat reën, word dit "Die Watervalpad" genoem met al die verskillende waterstrome wat hier so pragtig na benede stort. As die tyd dit toelaat gaan ons ook by Deer Park, langs die Platteklipstroom, 'n draai maak waar ons 'n paar antieke strukture kan besigtig. Vandaar stap ons langs 'n grondpad terug na die motors. Hierdie roete is redelik gelyk.			

13 Julie	**DAGSTAP: Sosyskloof (Jonkershoek Natuurreservaat, Stellenbosch)**		
Gradering:	2A	Stapafstand:	± 9 km
Ryafstand:	geen	Brandstofbydrae:	geen
Aanmeldtyd:	08:00 by hek	Stapkoste:	R50 of geldige Wild Card
Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier; meld dan ook Wild Card se nommer		
Stapleier:	Mientie Holtzhausen	021 887 1651 of 083 280 1651, holtzhau@sun.ac.za	
Meld aan by Jonkershoek Natuurreservaat se hek om 08:00. Ons stap van die hek af na Sosyskloof-waterval deur die bosboupad te volg en stap dan verby die uitkykhuisie na die waterval en keer langs 'n ander roete terug na die hek. Staptyd is 3 tot 4 ure. Dit is 'n redelik maklike uitstappie en die ideale geleentheid vir stappers wat graag bekend wil raak met 'n uitstappie in die berge. Daar is wel 'n redelike steilte met die opstap en beginners kan hierdie stap dalk as 2B ervaar.			

20 Julie	**DAGSTAP: Indië Vensterroete (Tafelberg)**		
Gradering:	3C	Stapafstand:	± 7 km
Ryafstand:	55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Jaap van Wyk	021 887 5335 of 084 240 5918, jfvw70@gmail.com	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15, of 08:00 in die parkeerarea by kleedkamers op die hoek van Tafelbergweg en Kloofnekweg		
Ons ontmoet mekaar om 08:00 by die parkeerarea (met die toilet) bo-op Kloofnek by die aansluiting met die Tafelbergpad. Ons begin langs die onderste kabelstasie en klim onder die kabelspoor tot by die kontoerpad waarna ons effens na regs opklim verby die venster en dan na links verby die grashelling wat soos die Indiese vasteland lyk. As ons die rotskrans bereik, is daar gelukkig 'n stel klimhake om die opklim te vergemaklik. Ons klim tot onder die finale vertikale krans waar ons regsom beweeg na Fountain Ledge aan Kampsbaai se kant. Daar is 'n baie kort stukkie blootgestelde gelyk paadjie voordat ons in 'n klofie opklim na die bopunt van Platteklip. Ons vertoef 'n bietjie op Tafelberg voordat ons met Platteklip afstap na die kabelspoor toe.			

27 Julie	**DAGSTAP: Eikehof (Franschhoek)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	13 km
Ryafstand:	28 km x 2	Brandstofbydrae:	R56
Stapkoste:	geen (R50 as wyn proe)	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Willie Huggett	021 876 2490 of 083 453 9191, huggett@netactive.co.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
Ons stap op die plaas Eikehof van die Malherbe-familie, in die rigting van die Wemmershoekdam. Die voetpad begin bokant perskeboorde en styg geleidelik terwyl die uitsigte oor Simonsberg en die Drakensteinberge al mooier word.			

27 Julie	**DAGSTAP: Eikehof (Franschhoek)**
Na 'n hoogtetjie daal ons 'n bietjie en dan stap ons 'n lang ent op 'n plato, terwyl 'n stroompie aan ons regterkant kabbel, en daar gewoonlik 'n verskeidenheid blomme te sien is. Daar is dan 'n klim tot op die koppie en 'n pragtige uitsig oor die Wemmershoekdam en die berge in die rigting van Paarl. Die terugtog gaan met 'n lang draai aan die anderkant van die stroom en dan af met dieselfde paadjie tot by ons wynproe in 'n antieke lokaal op Eikehof. Staptyd is ongeveer 5-6 ure.	

3 Augustus	**DAGSTAP: Groot Hangklip (Pringlebaai)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 9 km
Ryafstand:	65 km x 2	Brandstofbydrae:	R130
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Fay Pistorius	021 854 5959 of 078 370 2269, faypistorius@gmail.com	
Aanmeldtyd:	07:15 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:30, of 08:45 in Pringlebaai by beginpunt van Hangkliproete		
Hierdie is 'n redelike rustige stap - die stap begin by Pringlebaai en volg die vallei op. Na omtrent 2km draai ons na regs en dan word dit steiler. Omtrent halfpad op draai ons af na die Vlermuisgrotte en die Feëtjiewoud. Na 'n lekker rus onder die Melkhoutbome klim ons Hangklip op en geniet die uitsig oor die see tot by Kaappunt en Hermanus. Stappers behoort so teen ± 15:00-16:00 terug te wees by motors in Pringlebaai. *L.W. Onthou om flitse of koplampe saam te bring vir die grotte.*			

10 Augustus	**DAGSTAP: Kontoerpad in Jonkershoek Natuurreservaat (Stellenbosch)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	± 12 km
Ryafstand:	geen	Brandstofbydrae:	R10 (in reservaat)
Stapkoste:	R50 of geldige Wild Card	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Linda du Toit	072 107 0213 sms of WhatsApp, lindadt@mweb.co.za	
Aanmeldtyd:	07:30 by die hek van die Jonkershoek Natuurreservaat; ry dan in om 07:45		
Stappers kry mekaar by die hek van die Jonkershoek Natuurreservaat. Ons parkeer 'n entjie van Witbrug af en stap op na 'n paadjie wat as 'n kontoer, al om die voete van die berge, kronkel. Hiervandaan het ons 'n mooi uitsig oor die Jonkershoekberge. Ons eet 'n laatontbyt by Langstroom en dalk is daar selfs sneeu op die Pieke? Wanneer ons paadjie die roete na Bergriviernek kruis, draai ons af en stap terug na waar ons voertuie wag. Hierdie roete bied prágtige uitsigte op die omliggende berge.			

17 Augustus	**Geen amptelike klubstap**

24 Augustus	**DAGSTAP: Stellenboschberg (Stellenbosch)**		
Gradering:	3B	Stapafstand:	± 12 km
Ryafstand:	geen	Brandstofbydrae:	geen
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Klaus von Pressentin	021 887 2783 (na-ure) of 082 689 8102, klausvp51@gmail.com	
Aanmeldtyd:	07:30 by parkeerarea tussen Coetzenburgsentrum en Biokinetikagebou (gimnasium); begin stap om 07:45		
L.W. Hierdie is 'n redelik tawwe stap en stappers móét bergfiks wees – neem ongeveer 8-9 uur. *Ons stap vanaf Coetzenburgsentrum (voorheen DF Malansentrum) by Coetzenburg op na die kontoerpad wat ons in die rigting van Paradyskloof neem. Bokant die ou skietbaan gaan ons teen 'n hang van Stellenboschberg uit terwyl die een panorama na die ander voor ons oë ontvou. Die hele tyd verlustig ons ons aan die fynbos en die uitbundige proteabosse. Op die nek agter Stellenboschberg kry ons 'n besonderse uitsig op Jonkershoek en sy berge. Bo-op die kruin, terwyl ons ons verkyk aan ons mooie dorp wat knus onder in die vallei lê, vertoef ons vir middagete voordat ons die terugtog aanpak al op die rug af tot by Coetzenburg.*			

31 Augustus	**DAGSTAP: Grotto Bay na Silwerstroomstrand (Weskus)**		
Gradering:	2B	Stapafstand:	± 15 km
Ryafstand:	90 km x 2	Brandstofbydrae:	R180
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier

31 Augustus	DAGSTAP: Grotto Bay na Silwerstroomstrand (Weskus)	
Stapleier:	Cynthia Slattery	021 882 9442 of 072 246 1902 (na-ure), slathome@sun.ac.za
Aanmeldtyd:	07:15 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:30	
Ons ry tot by Silwerstroomstrand aan die Weskus, en laat van die voertuie daar. Dan ry ons na Grotto Bay waar ons stap begin. Ons stap meestal op die strand, en by tye op spore in die veld. Ons het uitsigte in die rigting van Kaapstad, en hoop om lenteblomme langs die pad te sien. Ons neem verposings langs die roete vir tee en middagete. Hierdie stap duur byna die hele dag lank.		

7 September	DAGSTAP: Alphenroete in Constantiavallei (Kaapstad)		
Gradering:	2B	Stapafstand:	14 km
Ryafstand:	54 km x2	Brandstofbydrae:	R108
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen Donderdag 5 September by stapleier
Stapleier:	Frederik Stapelberg	084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
'n Relatief maklike stap deur 'n boomryke deel van Kaapstad (groen gordel) asook 'n klein deel van die laer hange van (agter)Tafelberg. Die stap in die Constantia-vallei se groen gordel begin by die Alphen Hotel (Alphen Rylaan, Constantia). Ons parkeer ons motors op die draai van Alphen Rylaan wat aftak van Constantia Hoofweg na die Alphen Hotel. Die roete loop langs die Dieprivier tot by Constantiaberg (met 'n paar bruggies oor die rivier) tot by Le Sueurlaan in die rigting van Hohenort. Dan stap ons op die Klaasenbosch-roete (verby Hohenort Hotel) deur 'n deel van Kirstenbosch tot by Cecilia Forest, De Hel natuurarea en via die Dieprivierroete terug na ons motors. *Ons stap vir 'n klein entjie (naastenby 1,3 km totale afstand) langs die besige Constantiaweg asook langs Southern Cross Rylaan – dit is belangrik dat stappers hier in enkel gelid aan die regterkant van die pad (op die skouer en van die ryvlak af) moet stap en op aankomende verkeer let.*			

14 September	DAGSTAP: Volmaanstap by Delvera (Stellenbosch)		
Gradering:	1A/2A n.a.v. fiksheid	Stapafstand:	9.75 km
Ryafstand:	11 km x 2	Brandstofbydrae:	R22
Stapkoste:	R100	Bespreking:	teen 30 Augustus by stapleier
Stapleier:	Mina Redelinghuys	083 225 8188 (na-ure), mina.redelinghuys@gmail.com	
Aanmeldtyd:	15:45 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 16:00		
Ons stap op die plaas Delvera langs die R44 tussen Stellenbosch en die Paarl. Die roete is sowat 9,75km lank en maak deel uit van 'n sirkelroete deur die wingerde en die Geelhoutwoud tot bo-op Klapmutskop. Dit neem ongeveer 'n uur om tot bo te stap. Daar kan ons foto's neem, die uitsig bewonder en piekniek hou tot sononder. Die volmaan kom kort daarna sy verskyning oor die Boland maak. Elke persoon wat wil saamstap moet die stapleier voor of op 30 Augustus laat weet, want Delvera het 'n beperking op die aantal stappers vir hul Volmaanstap. *N.B. Kopligte of flitse is noodsaaklik vir die terugstap en onthou 'n warm baadjie.*			

21 September	DAGSTAP: Helderbergkoepel alias "Die Dome" (Somerset-Wes)		
Gradering:	3C	Stapafstand:	15 km
Ryafstand:	22 km x 2	Brandstofbydrae:	R44
Aanmeldtyd:	06:45 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:00		
Stapkoste:	R20 toegang (R10 indien ouer as 60); R15 per voertuig		
Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier		
Stapleier:	Louise van der Merwe	021 880 1875 of 082 492 4293 (na-ure)	
Ons stap deur die Helderberg-natuurtuin via die "jeep tracks" tot by Disakloof. Hiervandaan klim ons teen Porcupine Buttress uit tot by die nek tussen Wespiek en Sentraalpiek waar pragtige uitsigte oor die Hottentots-Holland-kom aan die een kant en die wyer Stellenbosch-area aan die ander kant op ons wag. Ons neem die kontoerpad verby Sentraalpiek tot aan die voet van die Dome. Van hier is dit 'n steil 45 minute klim voordat ons die 1 137m kruin bereik, vanwaar die mooiste uitsig denkbaar ons begroet. Dit is 'n steil roete wat uitdagend kan wees vir minder fikse persone. Dit is 'n 9-10 uur stap.			

21-27 September	LANGSTAP: Moordenaarskaroo/Buffelsrivier (Laingsburg/Sutherland)	
Stapkoste:	R4 500 (Die prys sluit in: veilige parkering vir voertuie op Laingsburg, alle etes, drinkwater, vervoer van stappers se benodigdhede, ondersteuningspan wat kamp opslaan, warm waswater saans.)	
Kontakpersoon:	Christine Smit	083 451 6384, cs2@sun.ac.za
Besprekings:	Franci Vosloo	083 386 6270 (WhatsApp), francivosloo1@gmail.com

Klublede wat belangstel, kan direk met die organiseerder, Franci Vosloo, skakel.

- *Waar: tussen Laingsburg en Sutherland.*
- *Stappers bring saam: tent, matrassie, slaapsak, kampstoel, peuselkos, drinkgoed.*
- *Hoe fiks moet jy wees: dis goeie oefening vir 'n Camino...en die Vis...*
- *Moeilikheidsgraad: die terrein is meestal droë rivierloop, met dik sagte/harde sand, klippe en klipbanke, en sekere dele grondpad.*

Op hierdie stap dra jy slegs jou dagsak met padkos en drinkgoed. Alle ander benodigdhede word daagliks na die volgende oornagplek vervoer, waar die ondersteuningspan volledig kamp opslaan. Ontbyt, middagete en heerlike aandetes rondom 'n kampvuur word gewaarborg. Asook die intense stiltes en sterre van die Karoo...
Meer inligting kan verkry word by 'n artikel wat in die tydskrif Weg verskyn het by https://www.netwerk24.com/Weg/Reis/kom-stap-die-moordenaarskaroo-roete-20190131

28 September	DAGSTAP: Silver Tree-roete, Kirstenbosch Botaniese Tuin (Kaapstad)		
Gradering:	2A	Stapafstand:	± 9 km
Ryafstand:	55 km x 2	Brandstofbydrae:	R110
Stapkoste:	R70 toegang	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Cynthia Slattery	021 882 9442 of 072 246 1902 (na-ure), slathome@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:30 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:45		

Die Silver Tree-roete is een van die woudroetes by Kirstenbosch. Dit is 'n sirkelroete en behels stap deur die tuin, op die wouddienspad, en op die kontoerpad. Ons stap vanaf die Besoekersentrum met Camphorlaan na die boonste hek, en dan opdraend na die Kontoerpad, verby die Kirstenboschdam. Ons kruis vier strome en hoop om 'n waterval of twee te sien. Die stap deurkruis die hele Kirstenboschlandgoed. Ons geniet tee en middagete langs die pad. Aan die einde van die stap keer ons terug na die Besoekersentrum. As enigiemand nog tyd of energie oor het, kan hulle die tuin verder op hulle eie ontdek.

6-12 Oktober	LANGSTAP: Baviaanskloof (Oos-Kaap)	
Bespreking:	Hierdie stap is voorheen reeds onder klublede se aandag gebring. Besprekings vir die stap het reeds gesluit en dit is vol bespreek.	
Stapkoste:	R1 690 (Die prys sluit in: toegang en akkommodasie vir 3 nagte.)	
Stapleier:	Linda du Toit	072 107 0213 sms of WhatsApp, lindadt@mweb.co.za

Ons vertrek Sondag 6 Oktober vanaf Stellenbosch na "Cedar Falls base camp". Ons slaap Sondagaand in die "Red Cliffs"plaashuis (selfsorg plaashuis met slaapplek vir 12 persone, bring eie slaapsak en handdoeke). Van Maandag tot Donderdag (7-10 Okt) stap ons die Luiperd-roete. Dit is 'n 4-dag "slack pack" sirkelroete wat wissel van 10-20 km per dag. Sakke, tente en kos word vervoer. Donderdagaand slaap ons weer in die plaashuis en Vrydag (11 Okt) stap ons die "Cedar Falls day hike" (4-6 uur). Daar is ook 'n korter roete van ongeveer 'n uur om San rotstekeninge te beskou. Saterdag 12 Oktober vertrek ons terug na Stellenbosch.

19-20 Oktober	NAWEEKSTAP: Langrietvlei en Helderwater (Hopefield)		
Gradering:	Langrietvlei - 2A Helderwater - 1A	Stapafstand:	Langrietvlei - 20 km Helderwater - 10 km
Ryafstand:	170 km x 2	Brandstofbydrae:	R340
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen 10 Oktober by stapleier
Stapleier:	Frederik Stapelberg	084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za	
Oornagkoste:	± R175 p/p vir 6 persone in een chalet. Indien meer as 6 persone belangstel kan hulle eie tente saambring vir slaapplek (teen verminderde oornagkoste vir dié in tente). Stuur asb. bewys van betaling aan die tesourier (klausvp51@gmail.com) met "cc" aan die stapleier.		

19-20 Oktober	NAWEEKSTAP: Langrietvlei en Helderwater (Hopefield)
Aantal plekke:	6 stappers (meer indien daar nog belangstelling is)
Aanmeldtyd:	06:45 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:00
Die roetes lê langs die Bergrivier, 22km van Hopefield af – indien die reënseisoen lank aanhou kan die roetes daardie naweek dalk steeds onder water wees en nie geskik wees vir stap nie. 'n Besluit sal die voorafgaande week geneem word indien die stap gekanselleer moet word. Indien ons die seisoen reg tref kan ons mooi blomme sien. Hierdie is 'n goeie geleentheid vir voëlkykers – bring verkykers saam! Ons kan Saterdagaand 'n braaivleis hou – bring asseblief eie vleis en braaibroodjies saam. Oornag in 'n chalet op die werkende plaas waarop die roetes is (die Kotze's se plaas). Die chalet het 'n tweester-gradering en dus word beddegoed, breekware en messegoed voorsien. 'n Yskas en stoof word voorsien asook 'n gasgeyser vir warm storte.	

26 Oktober	DAGSTAP: Paarlberg (Paarl)		
Gradering:	2B	Stapafstand:	± 15 km
Ryafstand:	32 km x 2	Brandstofbydrae:	R64
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Willie Huggett	021 876 2490 of 083 453 9191, huggett@netactive.co.za	
Aanmeldtyd:	07:30 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:45		
Die glinsterende granietkoepel waaraan die historiese dorp Paarl (wat pêrel beteken) sy naam te danke het, troon uit bo die landskap wes van die Bergrivier. Ons stap 'n gemaklike sirkelroete op Paarlberg. Die ideale geleentheid vir stappers wat graag bekend wil raak met 'n uitstappie in die berge.			

2 November	DAGSTAP: Boschendal (Franschhoek)		
Gradering:	1A	Stapafstand:	5 km / 10 km / 12.5 km
Ryafstand:	14 km x 2	Brandstofbydrae:	R28
Stapkoste:	R25	Bespreking:	teen Don 31 Okt om 18:00 by Annalene
Besprekings:	Annalene Sadie	083 388 8266, annasadie101@gmail.com	
Stapleier:	Kosie Smit	073 537 8809, jhs@sun.ac.za	
Aanmeldtyd:	07:30 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:45		

- *5 km (groen RC roete): die sirkelroete begin by die kantoor (Trail Centre, 021 001 9401) en sluit in gedeeltes deur Die Werf groentetuin, vrugteboorde en woud. Ons loop ook verby kampe vir verskeie plaasdiere, met die rivier aan ons linkerkant vir gedeeltes van die roete. Die roete eindig weer by die kantoor.*
- *10 km (rooi RC roete): hierdie roete volg die groen roete tot min of meer by die halfpadmerk. Vandaaraf word die pad oor die rivier gevolg tot by 'n paadjie deur 'n bloekombos en fynbos, verby die Normandie en York damme. Ons kruis weer die rivier op dieselfde plek en volg dan die res van die 5km roete tot terug by die kantoor.*
- *12,5 km (swart 2,5 km uitbreiding): hierdie paadjie loop verder teen die heuwel deur die fynbos.*

Daar is geleentheid om ná die stap by die Deli iets te gaan drink en/of eet – die burger word sterk aanbeveel. Voorafbespreking by die Deli is nodig – laat weet dus asseblief ook teen Donderdag of jy die geleentheid wil benut en hoe ver jy wil stap.

9 November	DAGSTAP: Steenbrasrivier en Crystal Pools (Gordonsbaai/Rooi-Els)		
Gradering:	2B	Stapafstand:	8 km
Ryafstand:	30 km x2	Brandstofbydrae:	R60
Stapkoste:	R70	Bespreking:	teen 30 September by stapleier
Aantal plekke:	Hierdie is 'n permitstap vir 10 persone. Stuur asb. bewys van betaling aan die tesourier (klausvp51@gmail.com) met "cc" aan die stapleier.		
Stapleier:	Frederik Stapelberg	084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za	
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15		
'n Relatief kort en maklike stap in die pragtige kloof op. Ons parkeer ons motors langs die R44 net na ons die Streenbrasrivier-brug gekruis het (op die regterskouer van die pad), gaan deur die ingangshek en volg dan die duidelik gemerkte roete in die vallei op tot by Crystal Pools. Bring baaibroeke saam vir swem in die poele as dit al warm genoeg is vroeg in November. Stappers is in die verlede al deur bobbejane aangeval op die roete – ons moet dus liefs nie eetgoed saamneem nie, maar slegs drinkgoed en moet ook dig bymekaar bly.			

16 November	**DAGSTAP: Pearly Beach na Franskraal (Gansbaai)**		
Gradering:	2A	Stapafstand:	15 km
Ryafstand:	150 km x2	Brandstofbydrae:	R300
Stapkoste:	geen	Bespreking:	teen vorige aand om 18:00 by stapleier
Stapleier:	Linda du Toit	072 107 0213 sms of WhatsApp, lindadt@mweb.co.za	
Aanmeldtyd:	06:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 06:15, of ontmoet om 08:00 in die parkeerarea by Spar in Gansbaai		
Hierdie stap is dieselfde as Dag 3 van die Perlemoen-staproete. Ons stap seelangs vanaf Pearly Beach deur die Uilkraalsmond Natuurreservaat tot by die museum in Franskraal. In die verte kan ons Dyer-eiland sien, en naby die skeepswrak Un Hung (gestrand in 1989) is daar 'n 4 meter hoë skulpafvalhoop net agter die duine. Hopelik sien ons nog walvisse. Net voor Franskraal stap ons oor die Uilenkraalrivier met water van ongeveer kniehoogte. By die museum kan ons na interessante artefakte van die besondere kuslyn kyk. Na lekker roomys of koffie vertrek ons huiswaarts. Daar is heelwat verblyf in die omgewing beskikbaar vir die wat dit 'n naweekuitstappie wil maak.			

23 November	**Jaareindfunksie**

14-17 Desember	**LANGSTAP: Groot Winterhoek Wildernisstap (Porterville)**		
Datum:	Die datum van die stap is op versoek van belangstellendes aangepas vanaf die voorheen geadverteerde datum (9-11 Des) ten einde die langnaweek te kan benut.		
Gradering:	3A/3B wisselend	Stapafstand:	wisselend (sien detail hieronder)
Ryafstand:	150 km x 2	Brandstofbydrae:	R300 of soos onderling ooreengekom
Stapkoste:	R60 of geldige Wild Card		
Oornagkoste:	R140 per persoon per nag in eie tent (x 3 nagte = R420)		
Bespreking:	Hierdie stap is voorheen reeds onder klublede se aandag gebring. Besprekings vir die stap het reeds gesluit. Indien addisionele lede steeds by ons wil aansluit is hulle welkom. Getalle word egter deur Cape Nature beperk en diesulkes sal hulle eie besprekings by CapeNature moet hanteer. Skakel asseblief betyds met die stapleier (Frederik) vir koördinering van reisreëlings, hulp t.o.v. besprekings ens.		
Stapleier:	Frederik Stapelberg 084 490 7960 (na-ure), fstapelberg@geoscience.org.za		
Aanmeldtyd:	07:00 by gebruiklike vertrekpunt in Victoriastraat in Stellenbosch en vertrek 07:15 om teen ongeveer 09:00 te kan begin stap		

'n Vol rugsakstap in hierdie pragtige wildernisgebied. Dae is van matige moeilikheidsgraad, maar relatief lank. Geen hutte en geen storte nie, maar volop geleentheid vir swem (onthou swemklere). Geen vure toegelaat. Niks mag agtergelaat word nie – behalwe jy weet wat (onthou jou grafie)!

<u>Beplande stapprogram:</u>

- *Dag 1:*
  Stap van parkeerarea by die ingangshek na Perdevlei via Groot Kliphuis (21km). Dit is langs 'n "jeep track" en nie baie moeilik nie. Kamp uit by Perdevlei.
- *Dag 2:*
  Stap van Perdevlei na Die Tronk (langs die Klein Kliphuisrivier) en dan verder na die Hel (17km in totaal) en kamp uit by die Hel. Die grootste deel is redelik maklik, maar die laaste kilometer of twee is 'n steil daling teen die helling af tot in die Hel (wat in die kloof van die Vier-en-Twintigrivier lê). Kamp uit in die omgewing van die Hel.
- *Dag 3:*
  Stap van die Hel terug na die Tronk en dan (langs die Groot Kliphuisrivier) in die rigting van die parkeerarea by die ingangshek. Die totale afstand is 18km, maar ons hoef dit nie te voltooi nie, aangesien ons nog 'n nag in die reservaat oor het. Ons kamp vir die nag waar ons 'n mooi plek langs die rivier kry.
- *Dag 4:*
  Stap die laaste oorblywende 5km(?) tot by die ingangshek en keer terug na Stellenbosch.